

Publikasie
nr.
0 13 0 2

Datum
8 01 01 61 21 11 17 3

Onderwerp
nr.
0 8 1 6

Dokument
nr.
16 3 1 3 3 a

21 JUN 1980

DIE VOLKSBLAD

Jg. 76 Nr.

P. Dat.

Wye on kunde oor polisse vir onrus

BITTER min mense in Suid-Afrika se huise, besittings en motors is verseker teen politieke oproer soos dié wat nou weer voorgekom het. Die meeste huiseienaars- en motorpolisse bied versekering teen gewone oproer, maar politieke oproer word spesifiek uitgesluit.

Bale mense is salig onbewus daarvan dat hulle nie dié soort versekering het nie.

Hoewel versekering teen politieke oproer by net een staatsondersteunde liggaam, Sasria, uitgeneem kan word, kan dit by enige versekeringsmaatskappy of makelaar gekoop word, het 'n Bloemfonteinse versekeringsmakelaar gesê.

Die premies vir dié versekering is redelik laag wat huise en besittings betref, maar desondanks het nog baie min mense dit aangeskaf, sê die makelaar.

Hy sê byna alle huiseienaarspolisse (skade aan die gebou self) en bewoners-

polisse (meubels, kleres ens.) maak wel voorsiening vir gewone oproer, d.w.s. spontane oproer waar politieke motiewe geen rol speel nie en waar die oproer nie teen die Regering of ander owerheidsinstelling gemik is nie.

Heinings

'n Voorbeeld van gewone oproer sou byvoorbeeld wees waar die skare by 'n rugbywedstryd oproerig raak, by die stadion uitstorm en dan onder andere motors en heinings beskadig.

Waar gewelddadige of terroristiese oproer egter gemik is teen regeringsowerheid, plaaslike owerheid of 'n stamowerheid, en dus 'n po-

litieke ondertoon het, word dit as politieke oproer beskou en sal 'n man met net 'n gewone pols nie kan eis nie.

Die makelaar sê tydens 1976 se oproer was daar geen versekering teen politieke oproer in Suid-Afrika beskikbaar nie. Ná die op-




TREFWOORDE

- 1 Bloemfontein
- 2 Versekerig
- 3 Maatskappye
- 4 Huise
- 5 Motorverseker
- 6 Opstande
- 7 Stedelike
- 8 terrorisme
- 9 Politiek
- 10 Sasria
- 11 Stalioelke

INSTITUUT VIR EIETJDSE GESKIEDENIS

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat



Publikasie nr. 9 13 0 11 2	Datum 5 10 10 16 12 11 11 73	Onderwerp nr. 0 8 11 6	Dokument nr. 16 3 3 3 6
----------------------------------	---------------------------------	------------------------------	-------------------------------

21 JUN 1980

DIE VOLKSBLAD Jg. 76 Nr. P. 1 Dat.

TREFWOORDE

- 1
- 2
- 3
- 4
- 5
- 6
- 7
- 8
- 9
- 10

roer is Sasria (South African Special Risk Insurance Association) deur die Regering in die lewe gebring. Sasria verkoop nou versekering teen politieke oproer op min of meer dieselfde basis as wat die M.V.A. der-versekering verkoop.

'n Huiselenaar wat by Sasria versekering wil koop teen skade aan die huis self, moet eers 'n geldige huiselenaarspolis hê waarin voorsiening gemaak word vir versekering teen brandskade. Hy kan dan tot die maksimum waarde van sy huis normalweg verseker is, versekering teen R1 per R4 000 by Sasria koop.

Motors

As sy huis dus vir R40 000 verseker is, kan die versekering teen politieke oproer die huiselenaar 'n bykomende R10 per jaar.

Wat die inhoud van huise betref, geld dieselfde voorwaardes en die elenaar moet dus ook eers 'n huisebewonerspolis hê. In die geval betaal hy ook 'n bykomende R1 per R4 000.

In die geval van motors hoef die elenaar egter nie gewone motorversekering te hê voor hy Sasria-versekering koop nie.

Sasria-versekering vir voertuie wissel tussen R6 en R9 per jaar. Vir 'n gewone motor kos dit R6 per jaar.

Versekering teen politieke oproer is ook vir sakegeboue en die inhoud beskikbaar, maar in die geval kos dit R1 per R1 000 per jaar.

Dit word deur die meeste sakemadernemings as té duur beskou en aangesien verlies van wins nie by Sasria verseker kan word nie, kry die versekering min aftrek.



FDS